## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE dinge **wat jy moet doen om 'n gemeenskapstuin te begin**, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die hoofgedagtes puntsgewys neer.
3. Nommer die hoofgedagtes van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**GEMEENSKAPSTUINE: GROENTE VIR 'N GOEIE DOEL**

Daar is baie mense wat deesdae sonder werk is en honger ly. Jy kan iets aan hierdie probleem doen. 'n Groentetuin kan help om vir mense werk te gee en om die gemeenskap van kos te voorsien. Hier is 'n paar wenke om mense te help om groentetuine te begin.

As almal in die gemeenskap weet wat aangaan, sal hulle met mekaar saamwerk. Vertel dus vir almal wat jy beplan. Kies 'n komitee wat die tuin sal beplan en bestuur. Hierdie komitee moet besluit wat geplant gaan word en wie in die tuin gaan werk.

Om 'n groentetuin te begin en aan die gang te hou, is mense nodig wat sekere dinge kan doen, bv. iemand wat water na die tuin kan aanlê. Maak 'n lys van mense in die gemeenskap wat die verskillende take kan verrig.

Niks kan gedoen word as daar nie geld daarvoor is nie. Daarom moet 'n begroting opgestel word om seker te maak dat daar geld vir die tuin is.

Nou kan die werk begin. Kry die beste stuk grond wat vir die tuin beskikbaar is. Begin dan met die voorbereiding van die grond deur kompos mooi in die grond in te werk.

Die tuin moet kos aan die gemeenskap voorsien, maar dit moet ook geld maak. Dit is dus baie belangrik dat die groentetuin bemark moet word. Dan kan mense van buite ook die tuin ondersteun.

[Verwerk uit *Weg! Platteland*, Herfs 2018]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

3.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1) neer.

Hoe maak die adverteerder die opskrif persoonlik?

Die adverteerder ...

A druk die opskrif boaan die advertensie.
B gebruik verskillende lettergroottes.
C werk met verskillende lettertipes.
D begin met 'n algemene vraagsin. (1)

3.2 Kies die KORREKTE VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies.

Jy is dalk iemand (wat/wie) 'n vakansie nodig het. (1)

3.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

'n (goedkoop) vakansie (1)

3.4 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Ons sal selfs jou troeteldiere (welkom). (1)

3.5 Hoe word die volgende sinne in die advertensie met prente voorgestel?

3.5.1 Hoor jy vakansie? (1)

3.5.2 Hier by ons het jy rede om **van oor tot oor te glimlag**. (1)

3.6 Watter VOORSETSEL word deur @ voorgestel? (1)

3.7 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die **S**-alliterasie in die naam van die vakansieoord skep 'n gevoel van (ongemak/rustigheid). (1)

3.8 Wat doen die adverteerder om die leser te manipuleer om See-en-Sandvakansieoord te kies? Noem EEN tegniek. (1)

3.9 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Dit is 'n (rolstoelvriendelik) vakansieoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die koerantartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

5.1 Lees die koerantartikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: KOERANTARTIKEL**

**LAERSKOOL BLOMVLEI – DIE TROTS VAN HANOVERPARK**

Hanoverpark is een van Kaapstad se woonbuurte waar daar baie probleme (5.1.1) (as gevolg van) bendes is. Laerskool Blomvlei lê in die middel van Hanoverpark en is 'n (5.1.2) (goed) voorbeeld vir ander skole. Hulle het gewys dat toewyding tot sukses (5.1.3) (lei).

(5.1.4) Dawn Petersen is die afgelope tien jaar die prinsipaal van Laerskool Blomvlei. Voor Dawn was daar nege ander (5.1.5) (skoolhoof). Onder hulle leiding was die skool een van die (5.1.6) (swak) skole in die Wes-Kaap. Vandag is Blomvlei 'n skool waar leerders skool geniet en weet dat hulle veilig is.

Dawn het aan die einde van 2017 'n toekenning vir (5.1.7) (...) uitstekende werk ontvang. Die leerders se veiligheid is 'n prioriteit. Wanneer daar probleme is, werk almal saam (5.1.8) (seker maak) dat kinders veilig tuiskom. Hulle het die "lopende bus"-projek, wat beteken dat (5.1.9) (volwassenes) saam met die kinders huis toe stap.

(5.1.10) (Dawn sê dat dit belangrik is dat onderwysers op gehalte-onderrig fokus). Die skool het onlangs 'n (5.1.11) (ou) biblioteek gekry. (5.1.12) (Onderwysers motiveer leerders om dit te gebruik.)

Die mense van Hanoverpark is baie trots (5.1.13) (...) Laerskool Blomvlei. Hulle weet dat elkeen se bydrae en (5.1.14) (help) aan die skool waardeer word.

[Verwerk uit www.news24.com]

5.1.1 Skryf die AFKORTING van die woorde tussen hakies.

Hanoverpark is een van Kaapstad se woonbuurte waar daar baie probleme (as gevolg van) bendes is. (1)

5.1.2 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

Laerskool Blomvlei lê in die middel van Hanoverpark en is 'n (goed) voorbeeld vir ander skole. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.1.3 Gebruik die HOMOFOON van **lei** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Hulle het gewys dat toewyding tot sukses **lei**. (1)

5.1.4 Skryf die TELWOORD in die sin neer.

Dawn Petersen is die afgelope tien jaar die prinsipaal van Laerskool Blomvlei. (1)

5.1.5 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Voor Dawn was daar nege ander (skoolhoof). (1)

5.1.6 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies neer.

Onder hulle leiding was die skool een van die (swak) skole in die Wes-Kaap. (1)

5.1.7 Vul die korrekte ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Dawn het aan die einde van 2017 'n toekenning vir ... uitstekende werk ontvang. (1)

5.1.8 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

Wanneer daar probleme is, werk almal saam (seker maak) dat kinders veilig tuiskom. (1)

5.1.9 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Hulle het die "lopende bus"-projek, wat beteken dat (volwassenes) saam met die kinders huis toe stap. (1)

5.1.10 Skryf die sin in die DIREKTE REDE.

Dawn sê dat dit belangrik is dat onderwysers op gehalte-onderrig fokus. (1)

5.1.11 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Die skool het onlangs 'n (ou) biblioteek gekry. (1)

5.1.12 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Onderwysers motiveer leerders om dit te gebruik. (1)

5.1.13 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.


Die mense van Hanoverpark is baie trots ... Laerskool Blomvlei. (1)

5.1.14 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Hulle weet dat elkeen se bydrae en (help) aan die skool waardeer word. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



[Bron: www.nalibali.org]

5.2.1 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Hy het nie sy (klere/kleure) gebêre nie. (1)

5.2.2 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM.

Die gordyne is toegetrek. (1)

5.2.3 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Daar is 'n klein (venster) in die kamer. (1)

5.2.4 Vul die ONTBREKENDE WOORD in die sin hieronder in.

Daar is 'n prent van 'n musiekinstrument op die plakkaat teen die muur. Hierdie musiekinstrument noem ons 'n ... (1)

5.2.5 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die (kind + kamer) is slordig. (1)

5.2.6 VOLTOOI die sin hieronder.

Aan die dak hang 'n apparaat wat 'n mens koel waai. Ons noem dit 'n ... (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou